



Wat jy oor TESTAMENTE moet weet

Die idee van 'n testament opstel is tegnies en emosioneel oorweldigend. Richus Nel, van Brenthurst Wealth Management, gee raad om die bul by die horings te pak.

Dit is belangrik om jou sake in orde te hê vir die dag dat die onvermydelike gebeur.

'n Ordentlike en geldige testament sal jou geliefdes baie moeite spaar.

WAT IS NODIG OM JOU TESTAMENT GELDIG TE MAAK?

Eerstens moet die testament op skrif wees. Dit moet op elke bladsy deur jou en twee getuies in mekaar se teenwoordigheid onderteken word. Trek strepe deur enige spasies sodat daar nie later iets bygevoeg kan word nie. Jy en beide getuies moet ook langs enige spesiale erflatings teken, byvoorbeeld as jy jou huis aan een kind bemaak, maar die vakansiehuis aan 'n ander een.

Begunstigdes in jou testament mag nie as getuies teken nie. Volgens Richus moet jy ook alle vorige testamente herroep om die spesifieke een status bo die ander te gee. Sorg dat die datum van ondertekening duidelik in die testament aangebring word.

WAT IS DIE ROL VAN JOU BOEDEL SE EKSEKUTEUR?

Die eksekuteur van jou boedel is die persoon wat moet sorg dat al die bepalings van die testament nagekom word. Wanneer jy jou testament opstel, benoem jy iemand as eksekuteur. Dis belangrik om iemand aan te wys wat weet wat hulle doen.

Jy kan 'n prokureursfirma of 'n korporatiewe instelling, soos 'n bank, as jou eksekuteur benoem. 'n Familielid wat as eksekuteur benoem word, kan die proses met die hulp van 'n prokureur behartig. Richus waarsku egter daarteen: "Familielide vind hierdie proses baie veeleisend, en dis meestal 'n baie emosionele tydperk."

Eksekuteurs is geregtig op eksekuteursfooi, wat bereken word as 'n persentasie van die waarde van jou boedel voor boedelbelasting. Die maksimum fooi word deur die wet bepaal, naamlik 3,5% (BTW uitgesluit).

WAT OM TE ONTHOU AS JY JOU TESTAMENT OPSTEL

Enige persoon bo die ouderdom van 16 jaar mag 'n testament opstel. Daar word aanbeveel dat alle persone bo dié ouderdom oor 'n geldige testament moet beskik, al is hulle bates gering.

Beperk spesiale erflatings soos huise as jy wil seker maak dat een begunstigde nie bo die ander bevoordeel word nie. In so 'n geval moet die markwaarde van enige spesiale item eers bepaal word. Dit kan bykomende koste meebring.

Jou testament moet jou huwelikstatus spesifiseer en ook of julle binne of buite gemeenskap van goedere getroud is. Dit sal bepaal hoe die eksekuteur die boedel moet hanteer.

As jy minderjarige kinders het, moet jy hulle wettige voogde in jou testament benoem. Jy moet ook spesifiseer hoe hulle versorg gaan word. Moet daar 'n trust vir hulle gestig word? As jy beplan om 'n trust by jou boedel in te sluit, raadpleeg 'n prokureur.

'n Sogenaamde lewende testament bepaal dat jy nie toestemming gee om kunsmatig aan die lewe gehou te word nie.

Dis dieselfde proses om op te

stel as 'n testament, maar dit kan nie deel van dieselfde dokument wees nie omdat 'n testament eers in werking tree as jy dood is. Sorg dat jou naasbestaandes ingelig is oor jou wense in dié verband.

HOU DAN JOU TESTAMENT GEREELD OP DATUM

Richus beveel aan dat jy jou testament jaarliks moet hersien en ook na elke groot verandering in jou lewe, en beslis na 'n egskedding.

Daar is 'n vensterperiode van drie maande na 'n egskedding om jou testament te verander. "Binne dié drie maande erf die langselewende gade (man/vrou) niks, tensy die testament spesifiek hierdie vensterperiode tersyde stel."

Jy hoef nie bekommerd te wees dat jou voormalige gade alles gaan erf indien jy kort na die egskedding iets oorkom nie, maar as jy na drie maande nog nie jou testament verander het nie, sal jou ou testament steeds geld. Daar sal dus aanvaar word dat jy nog wou hê jou eks moes erf, selfs na die egskedding.

Jou testament is 'n finale dokument. Richus beveel aan dat jy 'n prokureur nader as jy dit wil opstel. **F**